4.125 persent vir alle looptye tot drie jaar. Geen verandering is egter aangebring in die geval van lang- en mediumtermynkoerse nie. Ná die verlaging van die bankkoers, het geldmarkrentekoerse afwaarts beweeg, en later het die handelsbanke gevolg deur hulle minimumkoers op oortrekkings vanaf 6.5 tot 6 persent te verminder, asook klein afwaartse aanpassings te maak in hulle koerse vir deposito's met drie en ses maande looptyd.

Behalwe die verlaging van die bankkoers, is die aanvullende reserwevereiste, wat reeds vanaf 8 persent in Oktober 1958 tot 6 persent in November daardie jaar verminder is, verder tot 4 persent in Februarie 1959 verslap, terwyl 'n aantal ander maatreëls ook deur die regering aangewend is teneinde uitbreiding in sekere sektore van die ekonomie aan te moedig.

Hierdie maatreëls, tesame met ander ekonomiese verwickelinge van beide buitelandse en binnelandse oorsprong, het hulle stempel op die gang van ekonomiese sake in die Unie gedurende 1959 afgedruk*.

A.—ALGEMENE TENDENSE.

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING.

(a) *Landbou*

Skattings wat deur die Afdeling Ekonomie en Marke gemaak is (insluitende hersiene syfers vir vroeër jare) toon dat die brutowaarde van die Unie se landbouproduksie, wat afgeneem het vanaf £387 miljoen in 1956/57 tot £362 miljoen in 1957/58, toegeneem het tot ongeveer £364 miljoen in 1958/59.

Die betreklike klein toename van ongeveer £2 miljoen in die jaar geëindig Junie 1959, is toe te skryf aan die feit dat toenames in die opbrengs van 'n aantal produkte, soos bv. £6 miljoen in die geval van mielies en £4 miljoen in die geval van suikerriet, tot 'n groot mate geneutraliseer is deur 'n afname van ongeveer £11 miljoen in die opbrengs van wol, wat veroorsaak is deur 'n verdere daling in wolpryse. Die waarde van produksie van wol het nl. van ongeveer £48 miljoen in 1957/58 tot ongeveer £37 miljoen in 1958/59 afgeneem, alhoewel die fisiese volume van produksie toegeneem het vanaf 265 miljoen tot 273 miljoen lb.

Aangesien die prys van wol gedurende die tweede helfte van 1959 gestyg het, is dit waarskynlik dat, ook op 'n kalenderjaarbasis, die waarde van landbouproduksie 'n toename vanaf 1958 tot 1959 getoon het.


*Tensy anders aangedui, is al die indekse wat in hierdie oorsig vermeld word, op die basis 1948=100 gebaseer.

(b) *Mynwese*

Volgens voorlopige skattings het die totale waarde van minerale produksie in die Unie, met uitsluiting van steengroefprodukte maar met insluiting van uraanuitvoere*, tot die nuwe hoë peil van £384 miljoen in 1959 toegeneem, vergeleke met £331 miljoen in 1958 en £345 miljoen in 1957.

Die verdere toename van £33 miljoen in 1959 was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van £30 miljoen in die goudproduksie, nl. vanaf £220.0 miljoen in 1958 tot £250.1 miljoen in 1959, of vanaf 17.7 miljoen fyn onse tot 20.1 miljoen fyn onse. Uraanuitvoere het met ongeveer £4 miljoen gedaal, maar steenkool- en koperverkope het elk met ongeveer £1 miljoen toegeneem, terwyl die verkope van alle ander onedele en edele minerale met ongeveer £5 miljoen gestyg het.

Werkverskaffing in die mynwese het toegeneem vanaf 'n gemiddelde maandelikse indeks van 125 in 1958 tot 135 in 1959, en onderstaande grafiek toon dat die opwaartse beweging in die maandelikse indeks gedurende 1958, dwarsdeur die jaar 1959 voortgesit is.



Indeks (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

(c) *Fabriekswese*

Die gemiddelde maandelikse indeks van werkverskaffing in die private fabriekswese het afgeneem vanaf 172 in 1958 tot 168 in 1959, maar, soos deur onderstaande grafiek aangetoon word, het die maandelikse indeks 'n effense opwaartse neiging gedurende die tweede helfte van die jaar getoon, na die afwaartse beweging wat gedurende die voorgaande agtien maande waargeneem is. Ongelukkig is geen opdatum syfers van fabrieksproduksie beskikbaar nie.


(d) *Elektrisiteit*

Elektriese stroom opgewek het 'n verdere opwaartse beweging gedurende 1959 getoon en die gemiddelde maandelikse indeks het gestyg tot 232, vergeleke met 216 in 1958 en 204 in 1957.

*Syfers vir die waarde van uraanproduksie is nie beskikbaar nie.

(e) *Boubedryf*

Die gemiddelde maandelikse indeks van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede van die Unie, het verder tot 149 in 1959 gestyg, en onderstaande grafiek toon dat die tendens in die maandelikse indeks gedurende 1959 opwaarts was, vergeleke met 'n effens afwaartse neiging gedurende die vorige jaar. Aan die ander kant het die indeks van werkverskaffing in private konstruksie, uitgesonderd seisoenskommelings, wat gedaal het vanaf 148 in die eerste helfte van 1958 tot 140 in die tweede helfte, verder afgeneem tot 132 in die eerste helfte van 1959, maar toe tot 136 in die laaste helfte van die jaar gestyg.



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

BUITELANDSE HANDEL.

Terwyl die waarde van die Unie se invoere gedurende 1959 'n skerp afname getoon het, het die waarde van uitvoere aansienlik toegeneem. Ná aansuiwering vir betalingsbalansdoeleindes, toon die voorlopige handelsyfers dat goedere invoere, wat toegeneem het vanaf £558 miljoen in 1957 tot £567 miljoen in 1958, tot £499 miljoen in 1959 gedaal het, terwyl goedere uitvoere (uitgesonderd skeepsvoorrade), wat afgeneem het vanaf £446 miljoen tot £386 miljoen, gestyg het tot £427 miljoen, onderskeidelik.

Die afname van £68 miljoen in invoere in 1959 was hoofsaaklik die gevolg van 'n afname van £65 miljoen in die invoere van „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie” waarvan motorvoertuie, vliegtuie en onderdele vir £24 miljoen verantwoordelik was. Kleinere afnames van £5 miljoen en £4 miljoen het ook voorgekom onder die hoofde „tekstielware, klere, draad en vesels” en „hout en fabrikate daarvan”, onderskeidelik, maar dit is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n toename van £7 miljoen in die invoere van „voedingsmiddels”. Uit bostaande grafiek kan gesien word dat, nie tekenstaande die daling in totale invoere in 1959, die maandelikse syfers 'n opwaartse tendens gedurende die jaar getoon

het, veral gedurende die laaste kwartaal, vergeleke met 'n skerp afwaartse beweging gedurende 1958.

Wat goedereuitvoere betref, het die styging van £41 miljoen in 1959 bestaan uit toenames van ongeveer £6 miljoen in heruitvoere en ongeveer £35 miljoen in uitvoere van Suid-Afrikaanse produkte. Laasgenoemde toename op sy beurt was hoofsaaklik die gevolg van toenames van £15 miljoen onder die hoof „diere en landbouprodukte” (waarvan woluitvoere vir sowat £10 miljoen verantwoordelik was), £16 miljoen onder „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie” en £9 miljoen onder „delfstowwe, erde- en glaswerk”. Teenoor hierdie en ander kleiner toenames, het daar 'n afname van ongeveer £13 miljoen in die uitvoer van „voedingsmiddels” voorgekom.

Soos die volgende tabel aantoon, is die stygings in waarde wat onder „diere en landbouprodukte”, en „delfstowwe, ens.”, aangeteken is, hoofsaaklik toe te skryf aan aansienlike toenames in die fisiese volume van sodanige uitvoere, terwyl die toename

Klas van uitvoere (S.A. produkte)	Persentasie-verandering van 1958 tot 1959		
	Waarde	Volume	Eenheids- prys
Diere en landbouprodukte	+22	+24	- 2
Delfstowwe, erde- en glaswerk	+18	+18	—
Metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie	+12	—	+12
Voedsel, drank en tabak	-15	-14	- 1

in die waarde van „metale ens.” uitsluitlik die gevolg was van 'n toename in die gemiddelde prys wat behaal is. Die afname in die waarde in die geval van „voedsel, drank en tabak”, aan die ander kant, was hoofsaaklik te wyte aan 'n afname in die fisiese volume van uitvoere. Wat die styging van £35 miljoen, of ongeveer 10 persent, in die totale waarde van Suid-Afrikaanse produkte betref, toon voorlopige berekenings dat dit die gevolg was van toenames van ongeveer 7 persent in fisiese volume en ongeveer 3 persent in gemiddelde pryse.

Soos uit bostaande grafiek blyk, het die maandelike waardesyfers van uitvoere 'n skerp opwaartse neiging gedurende 1959 getoon, na die afwaartse beweging wat gedurende die vorige twee jaar aange-teken is.


BINNELANDSE HANDEL.

Volgens die beskikbare indekse vir 'n aantal van die vernaamste stede in die Unie, het die waarde van kleinhandelsverkope min verandering getoon in 1959 vergeleke met 1958. Gesamentlike syfers vir die onderskeie stede toon nl. dat terwyl die neiging in die maandelike omsetindekse effens opwaarts was gedurende 1959 teenoor 'n effense afwaartse beweging gedurende die vorige jaar, die gemiddelde maandelike indeks vanaf 134.0 in 1958 tot slegs 134.3 in 1959 toegeneem het.


Geoordeel volgens die gegewens vervat in die „Opname in verband met die kleinhandel” wat deur die Buro vir Sensus en Statistiek in Januarie 1960

gepubliseer is, wil dit voorkom asof die indekssyfers hierbo aangehaal, die werklike toename wat in die waarde van kleinhandelsverkope in 1959 aangeteken is, onderskat.

**KLEINHANDELS-
VERKOPE**



S.A. SPOORWEE



Indekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.


SPOORWEGVERVOER

Die maandelike indeks van spoorweginkomste wat in bostaande grafiek aangetoon word, het sy opwaartse beweging gedurende 1959 voortgesit en die gemiddelde maandelike indeks het gestyg tot 227, vergeleke met 218 in 1958 en 207 in 1957. Insgelyks het die indeks van tonmyle van inkomstetraande verkeer verder in 1959 toegeneem.


AANDELEBEURSTRANSAKSIES

Die skerp opwaartse beweging in effektebeursomsette tydens die tweede helfte van 1958 is gedurende 1959 voortgesit, veral gedurende die eerste drie kwartale van die jaar, en die gemiddelde maandelike indeks het tot nie minder as 135 gestyg nie, vergeleke met 76 in 1958 en 63 in 1957. Gepaard met die verhoogde omset, het die aandeleprysindeks van produserende goudmyne gestyg vanaf 65 in 1958 tot 87 in 1959, wat die hoogste maandelike gemiddelde syfer is wat sedert 1952 aangeteken is. Die prysindeks van industriële aandele het ook verder toegeneem, ofskoon teen 'n baie stadiger koers, nl. vanaf 59 in 1958 tot 62 in 1959.

**EFFEKTEBEURS-
OMSET**



**VASTE EIENDOMS-
TRANSAKSIES**



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.


TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM.

Nadat daar 'n afwaartse beweging gedurende 1958 was, het die maandelikse indekssyfers van die waarde van eiendomstransaksies (uitgesonderd regeringstransaksies) 'n opwaartse beweging gedurende 1959 getoon, soos uit die betrokke grafiek hierbo gesien kan word. Die gemiddelde maandelikse indeks was in 1959 egter nog laer as in 1958, nl. 82 vergeleke met 86.


BANKDEBETTE.

Die indeks van bankdebette, wat alle debette teen lopende rekeninge in banke in die Unie dek, uitgesonderd Regeringsrekeninge, het vanaf 244 in 1958 tot 271 in 1959 gestyg, d.w.s. met ongeveer 11 persent vergeleke met 'n toename van slegs ongeveer 7 persent vanaf 1957 tot 1958. Soos uit bostaande grafiek opgemerk sal word, het die maandelikse indeks 'n duidelike opwaartse neiging gedurende 1959 getoon, terwyl in 1958 die tendens gedurende die eerste helfte van die jaar opwaarts, en toe gedurende die tweede helfte effens afwaarts was.

BANKDEBETTE



PRYSE



Indekse (1948=100)

GOEDEREPRYSE.

Groothandelspryse het gedurende 1958 relatief stabiel gebly en die gemiddelde maandelikse indeks (alle goedere) het in werklikheid effens gedaal vanaf 160.0 in 1958 tot 159.8 in 1959. Die effense daling in 1959 was die netto resultaat van 'n klein toename in die indeks vir invoergoedere en 'n effense afname in dié vir Uniegoedere.

In die geval van kleinhandelspryse het die gemiddelde maandelikse indeks verder gestyg vanaf 148.5 in 1958 tot 150.2 in 1959, d.w.s. met slegs 1.2 persent, vergeleke met 'n styging van 3.5 persent vanaf 1957 tot 1958. Bostaande grafiek toon dat die maandelikse indekse hul effense opwaartse beweging dwarsdeur die jaar 1959 voortgesit het.

Wat landboupryse betref, is die afwaartse beweging in 1958 gedurende die eerste kwartaal van 1959 voortgesit. Daarna het die indeks na 'n hoër peil in April beweeg, en toe in September verder gestyg en in Desember 1959 op 139 te staan gekom, vergeleke met 125 in Desember 1958. Die gemiddelde maandelikse indeks het, nadat dit gedaal het vanaf 157 in 1957 tot 130 in 1958, effens toegeneem tot 131 in 1959.

Die gewegde gemiddelde prys van alle tipes wol, uitgedruk in sjelings per lb., wat afgeneem het vanaf 4.92 in September 1957 tot 2.61 in Desember 1958, het toegeneem tot 2.94 in April en 3.78 in September 1959, waarna dit effens gedaal het tot 3.61 in Desember.

B.—NASIONALE REKENINGE.

Volgens die jongste skattings gepubliseer deur die Buro vir Sensus en Statistiek, wat op die jare geëindig 30 Junie betrekking het, het die Unie se totale geografiese inkome verder vanaf £1,986 miljoen in 1957/58 tot £2,027 miljoen in 1958/59 gestyg, terwyl die netto volksinkome, d.w.s. ná aftrekking van inkome wat aan nie-Unieproduksiefaktore toekom, vanaf £1,757 miljoen tot £1,798 miljoen toegeneem het.

Die toename van ongeveer £41 miljoen in die geografiese inkome in 1958/59 het plaasgevind nie teenstaande afnames van £9 miljoen onder „handel” en £3 miljoen onder elk van „landbou” en „privaat fabriekswese”, en is veroorsaak deur toenames onder byna al die ander hoofde van inkome, insluitende toenames van £16 miljoen onder „goudmyne” en £15 miljoen onder „openbare owerhede”, d.w.s. inkome van openbare owerhede uitgesonderd sake-ondernemings.

Op 'n kalenderjaarbasis toon voorlopige ramings wat deur die Reserwebank gemaak is, dat die Unie se bruto volksproduksie teen markpryse met ongeveer £80 miljoen in 1959 gestyg het, of met 3.5 persent, vergeleke met 'n toename van ongeveer 3.8 persent in 1958. Indien veranderinge in die kleinhandelsprysindeks in aanmerking geneem word, beteken dit dat die *reële* bruto volksproduksie met ongeveer 2.3 persent in 1959 gestyg het teenoor 0.3 persent in die vorige jaar.

Aan die uitgewekant van die nasionale rekeninge is die aanduidings dat bruto binnelandse besparing, wat in 1958 afgeneem het, aansienlik gestyg het in 1959, terwyl daar 'n kleiner toename in verbruik was. Bruto binnelandse kapitaalvorming, daarenteen, het aansienlik afgeneem* hoofsaaklik weens 'n afname in private belegging, maar ook as gevolg van 'n daling in belegging deur openbare owerhede. Terwyl die grootste gedeelte van die afname in private belegging bestaan het uit 'n daling in belegging in voorrade, is die afname in belegging deur openbare owerhede byna uitsluitlik toe te skryf aan 'n daling in die belegging van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

C.—BETALINGSBALANS.

Die uitstaande kenmerk van die Unie se betalingsbalans gedurende 1959 was 'n buitengewone groot

*Terwyl bruto binnelandse kapitaalvorming in 1958 bruto binnelandse besparing oorskry het met die oorskot van £74 miljoen op die kapitaalrekening van die Unie se betalingsbalans, was dit in 1959 £70 miljoen minder as bruto binnelandse besparing weens 'n netto uitvloeï van kapitaal van £30 miljoen en 'n toename in die Unie se goud- en buitelandse valutareserwes van £40 miljoen.

netto lopende oorskot, wat nie alleen ruimte gelaat het vir aansienlike terugbetalings van buitelandse skuld nie, maar ook vir 'n noemenswaardige styging in die land se goud- en buitelandse valutareserwes.

Soos aangedui onder die bespreking van buitelandse handel hierbo, het goedereinvoere gedaal van £567 miljoen in 1958 tot £499 miljoen in 1959, of met £68 miljoen, terwyl goedereuitvoere gestyg het van £386 miljoen tot £427 miljoen, of met £41 miljoen. Benewens hierdie verbetering van £109 miljoen in die handelstekort in 1959, het die Unie se netto goudproduksie met byna £32 miljoen gestyg, terwyl daar terselfdertyd 'n afname van ongeveer £6 miljoen in netto lopende onsigbare betalings was. Dus het die totale netto saldo op lopende rekening 'n verbetering van nie minder nie as £147 miljoen getoon, nl. vanaf 'n tekort van £74 miljoen in 1958 tot 'n oorskot van ongeveer £73 miljoen in 1959.

Teenoor hierdie netto lopende oorskot van ongeveer £73 miljoen in 1959, het die Unie se goud- en buitelandse valutareserwes met ongeveer £40 miljoen gestyg, wat 'n netto uitvloeï van kapitaal in alle vorms van ongeveer £33 miljoen aandui. Van hierdie totale netto uitvloeï is dit bekend dat offisiële en bankinstellings vir £15 miljoen verantwoordelik was, en dit laat 'n bedrag van £18 miljoen vir die netto uitvloeï van private kapitaal, met inbegrip van weglatings en foute in die skattings.

Betreffende die kapitaalbewegings van offisiële en bankinstellings, het netto ontvangste van buitelandse langtermynlenings deur die Unieregering £14.9 miljoen bedra (waarvan £8.8 miljoen netto trekkings ingevolge die I.B.H.O. lenings verteenwoordig), terwyl Eskom 'n netto bedrag van £2.1 miljoen ingevolge buitelandse lenings wat deur die Regering gewaarborg is, ontvang het. Aan die ander kant het die handelsbanke se buitelandse langtermynlaste met £1.7 miljoen gedaal, sodat die totale netto ontvangste van buitelandse langtermynfondse ongeveer £15 miljoen bedra het. Hierdie netto ontvangste van buitelandse langtermynfondse is egter meer as gewenaar deur (1) die terugbetaling deur die Regering van sy skuld van £13 miljoen aan die Internasionale Monetêre Fonds, (2) die betaling aan dieselfde organisasie van ongeveer £5 miljoen, wat die gedeelte van die Unie se verhoogde kwota wat in goud betaalbaar is, verteenwoordig, (3) die terugbetaling deur die Reserwebank en die handelsbanke van ongeveer £10 miljoen buitelandse korttermynskuld, en (4) 'n toename van £2 miljoen in die handelsbanke se buitelandse langtermynbates.

Wat die oorblywende bedrag van £18 miljoen t.o.v. die netto uitvloeï van private kapitaal betref, dui voorlopige resultate verkry uit die 1959 „Opname van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates" 'n netto uitvloeï van £21 miljoen aan, wat dus 'n onbepaalbare netto toevloeï van £3 miljoen laat. Van die bepaalbare netto uitvloeï van £21 miljoen, het ongeveer £10 miljoen 'n netto uitvloeï van private Unie-inwonerfondse verteenwoordig, wat hoofsaaklik bestaan het

uit 'n vloeï van regstreekse beleggingsfondse na die Federasie van Rhodesië en Njassaland. Die saldo van die bepaalbare netto uitvloeï, naamlik £11 miljoen, het die netto uitvloeï van private buitelandse kapitaal verteenwoordig, wat plaasgevind het as 'n resultaat van netto aankope deur Unie-inwoners vanaf buitelanders van ongeveer £20 miljoen se effekte op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer, en 'n netto uitvloeï van £7 miljoen onregstreekse kapitaalbeleggingsfondse (uitgesonderd transaksies in genoteerde effekte), teenoor 'n netto toevloeï van £16 miljoen in die vorm van regstreekse kapitaalbeleggingsfondse (ook uitgesonderd transaksies in genoteerde effekte). Van laasgenoemde bedrag, wat betrekking het op nuwe belegging wat buitelandse firmas in takke en filiale in die Unie aangegaan het, het nie minder nie as £8 miljoen beleggings verteenwoordig in nuwe maatskappye wat gedurende 1959 opererig is.

D.—MONETÊRE EN FINANSIËLE VERWIKKELINGE. GELD- EN BANKWESE.

Die likwiede bates van die binnelandse private sektor by die banksektor, wat in 1958 met £11 miljoen gedaal het, het gedurende 1959 met £42 miljoen gestyg. Van hierdie toename kan £20 miljoen toegeskryf word aan 'n toename in hul besit aan geld en £22 miljoen aan 'n toename in hul besit aan rentedraende deposito's of sekondêre likwiede middele.

Soos uit onderstaande tabel blyk, het die skerp toename gedurende 1959 in die private sektor se likwiede bates by die banksektor plaasgevind nie-teenstaande 'n toename van £25 miljoen in Regeringsdeposito's, en was dit hoofsaaklik toe te skrywe aan 'n styging van £48 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes van die banksektor, wat gepaard gegaan het met die gunstige betalingsbalans. 'n Verdere belangrike meewerkende faktor was egter

VERANDERING IN DIE LASTE EN BATES VAN DIE BANKSEKTOR¹. (£ miljoen).

	1958	1959
Geldhoeveelheid ²	- 9	+20
Rentedraende deposito's ²	- 2	+22
Totaal	-11	+42
Netto goud- en buitelandse valutareserwes ³	- 1	+48
Eise teen Regering	+ 4	- 2
Regeringsdeposito's ⁴	- 3	-25
Netto eise teen plaaslike regerings	+ 1	- 2
Eise teen private sektor	-13	+15
Onverdeelde poste	+ 1	+ 8
Totaal	-11	+42

¹Met insluiting van die Nasionale Finansiële Korporasie.

²In besit van die binnelandse private sektor, d.w.s. met uitsluiting van deposito's van die Regering, plaaslike regerings, en buitelanders.


³Goud- en buitelandse valutareserwes minus korttermyn buitelandse laste.

⁴Toename -, afname +.


'n toename van £15 miljoen in bankkrediet wat aan die private sektor verskaf is.

Die redes vir die styging van £25 miljoen in Regeringsdeposito's gedurende 1959 word hieronder in meer besonderhede behandel onder die hoof „Geldmark“, maar hier moet gemeld word dat 'n gedeelte van die styging in verband gebring kan word met 'n toename in die likwiede bates van die private sektor by die Regeringssektor. Alhoewel die private sektor se besit aan belastingdelingsertifikate geen verandering getoon het gedurende 1958 en 1959 nie, het hierdie sektor se besit aan skatkisbewyse toegeneem met £8 miljoen gedurende 1959, vergeleke met 'n styging van £10 miljoen gedurende 1958. Die totale likwiede bates van die private sektor by die bank- en Regeringssektors (sien ook die grafiek hieronder) het dus met £50 miljoen gedurende 1959 toegeneem teenoor 'n afname van £1 miljoen gedurende 1958, en op £766 miljoen aan die end van 1959 te staan gekom. Op dieselfde datum het die handelsbanke ook nog steeds in 'n baie likwiede posisie verkeer met 'n verhouding van likwiede bates tot verpligtings teenoor die publiek van 49 persent. Hulle totale likwiede bates het met £20 miljoen gedurende die jaar toegeneem, vergeleke met £11 miljoen gedurende 1958.

LIKWIEDE BATES VAN DIE PRIVATE SEKTOR



HANDELSBANKE: DISKONTERINGE EN VOORSKOTTE



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

Wat betref die toename van £15 miljoen gedurende 1959 in bankkrediet aan die private sektor verskaf, verteenwoordig £10 miljoen 'n toename in diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, wat gedurende 1958 met £18 miljoen afgeneem het. Soos uit die grafiek hierbo gesien kan word, het hierdie diskonteringe en voorskotte ietwat geskommel gedurende 1959 maar 'n effense opwaartse tendens getoon in vergelyking met 'n duidelike afwaartse beweging gedurende die vorige jaar.

GELDMARK.

Soos hierbo aangetoon, het die gunstige betalingsbalans van die Unie gedurende 1959 gepaard gegaan met 'n aansienlike toename in die likwiede middele

van die bank- en die private sektors. Dit het 'n sterk vraag laat ontstaan na bates waarin fondse belê kan word, met die gevolg dat geldmarkrentekoerse 'n afwaartse neiging gedurende die jaar getoon het.

Die toevoeging tot likwiede fondse wat deur die styging in die Reserwebank se netto goud- en buitelandse valutareserwes teweeggebring is, het £43 miljoen gedurende die jaar beloop. Uit onderstaande tabel blyk dat £5 miljoen van hierdie bedrag opgeneem is deur „diverse“ poste, wat hoofsaaklik te wyte was aan 'n toename in die handelsbanke se vereiste

VERANDERING IN LASTE EN BATES VAN DIE RESERWEBANK. (£ miljoene).

Verandering in toestand van geldmark:

A.—DIE AANDUIDINGS:

Afname (+) in netto beroep op Reserwebank deur:	1958	1959
Handelsbanke	+ 5	+ 2
N.F.K.	+10	+ 9
Diskonterings- en aksepteringshuise	—	+ 1
Totale verruiming (+) of vernouing (—) van geldmark	+15	+12

B.—DIE OORSAKE:

Netto goud- en buitelandse valutaat†	+14	+43
Krediet aan Regering	+ 9	— 3
Regeringsdeposito's*	— 3	—25
Netto eise teen plaaslike regerings	— 2	+ 2
Banknote in omloop*	— 1	—
Diverse oorsake	— 2	— 5
Totaal	+15	+12

reserwes by die Reserwebank, as gevolg van 'n styging in hulle laste teenoor die publiek, terwyl 'n netto bedrag van £12 miljoen gebruik is deur die handelsbanke, die Nasionale Finansiële korporasie en die diskonterings- en aksepteringshuise vir terugbetaling van skuld aan die Reserwebank, wat 'n verruiming van die geldmark tot daardie mate aantoon. Die balans van £26 miljoen, tesame met 'n netto verskaffing van krediet van £2 miljoen deur die Reserwebank aan plaaslike regerings, verteenwoordig die oorskot van fondse wat deur die Unieregering gesteriliseer is. Die deposito's van die Regering by die Reserwebank het nl. met £25 miljoen gestyg terwyl sy skuld aan die Bank met £3 miljoen verminder is.

Van die styging van £25 miljoen in Regeringsdeposito's word £9 miljoen verteenwoordig deur 'n toename in die Betaalmeester-generaal se rekening, te wyte aan 'n netto aflossing deur die Skatkis van skatkisbewyse gehou deur die Betaalmeester-generaal. Die res van die toename, nl. £16 miljoen, het in die Skatkisrekening voorgekom, aangesien ander Regeringsrekenings by die Reserwebank geen verandering oor die jaar getoon het nie.

†Goud- en buitelandse valutareserwes minus korttermyn buitelandse laste.

*Toename —, afname +.

Uit onderstaande tabel blyk dat, afgesien van lenings en aflossings, die Skatkis se tekort gedaal het van £94 miljoen in 1958 tot £56 miljoen in 1959, of met £38 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename van £35 miljoen in ontvangste op inkomsterekening. Teenoor die tekort van £56 miljoen in 1959, het netto lenings £72 miljoen bedra. Soos reeds aangetoon, het die Skatkis sy skuld by die Reserwebank en die Betaalmeester-generaal met £3 miljoen en £9 miljoen onderskeidelik verminder. Van die oorblywende totale netto lenings, nl. £84 miljoen, is £74 miljoen van die Staatskuldkommissaris se verkry, £8 miljoen van ander plaaslike bronne en £2 miljoen van die buiteland.

ONTVANGSTE EN BETALINGS VAN DIE SKATKIS. (£ miljoene).

Ontvangste (met uitsluiting van lenings):	1958	1959
(1) Op inkomsterekening:		
Doeane en aksyns	86	97
Poskantoor	31	37
Binnelandse inkomste	191	209
Totaal	308	343
(2) Leningsverhalings	16	18
(3) Ander ontvangste	23	31
(4) Totale ontvangste	347	392
Betalings (met uitsluiting van aflossings):		
(1) Op Inkomsterekening	283	294
(2) Leningsdienste	135	126
(3) Ander betalings	23	28
(4) Totale betalings	441	448
Surplus van betalings (-)	-94	-56
Netto lenings	+94	+72
Verandering in Skatkisbalans	—	+16

Die onttrekking van fondse in omloop deur die Regering het hoofsaaklik gedurende die derde en vierde kwartale van die jaar plaasgevind* (toe die Reserwebank se goud- en buitelandse valuta-reserwes aansienlike stygings getoon het), en derhalwe die uitwerking gehad om enige drastiese afname in geldmarkrentekoerse gedurende genoemde tydperke te voorkom. Soos egter uit onderstaande tabel blyk, het geldmarkrentekoerse, nadat hulle geleidelik gedurende die eerste nege maande van die jaar afgeneem het (die afname in die eerste kwartaal het gevolg op die verlaging van die plaaslike Bankkoers), 'n meer opvallende daling gedurende Oktober en November getoon. Dit was te wyte aan die feit dat die netto immobilisasie van fondse deur die Regering gedurende die vierde kwartaal van die jaar hoofsaaklik in Desember plaasgevind het, toe die netto toename in Regeringsdeposito's by die Reserwebank† £15 miljoen bedra het, vergeleke met £2 miljoen in Oktober en £1 miljoen in November.

*Gedurende die derde kwartaal het die immobilisasie grootliks as gevolg van netto lenings plaasgevind, en in die vierde kwartaal hoofsaaklik weens die seisoenstoename in belastingontvangste.

†d.w.s. die toename in Regeringsdeposito's minus krediet verskaf aan die Regering deur die Reserwebank.

GELDMARKRENTEKOERSE

End	Tenderkoers op skatkis- bewyse	Daggeldkoers: Discount House of South Africa	N.F.K. koers op daggeld
1958—Des.	3.679	3.625	3.500
1959—Mrt.	3.538	3.500	3.375
Jun.	3.479	3.350	3.225
Sep.	3.417	3.300	3.175
Nov.	3.258	3.125	3.000
Des.	3.325	3.250	3.075

E.—BESLUIT.

Terwyl die uitstaande kenmerk van ekonomiese verwickelinge in die Unie gedurende 1959 die aansienlike verbetering in die betalingsbalans was, het 'n aantal betekenisvolle veranderinge ook in die binnelandse ekonomiese toestand sigbaar geword.

Gereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, het meeste van die waarde-reeks hierbo aangehaal, met die opvallende uitsondering van invoere*, in 1959 stygings getoon, waarvan die belangrikste in sulke basiese indekse soos uitvoere, goudproduksie en bankdebette aangeteken is. Bowendien het voorlopige ramings verdere toenames gedurende 1959 aangedui in die bruto volksproduksie en in verbruik, sowel as 'n aansienlike toename in bruto binnelandse besparing, wat in die voorafgaande jaar gedaal het. Aan die ander kant is gevind dat bruto binnelandse kapitaalvorming 'n aansienlike daling getoon het, en terwyl dit in hoofsaak te wyte is aan afnames in belegging in voorrade (wat saamhang met die daling in invoere), en in belegging deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, bestaan daar aanduidings dat private belegging in vaste bates ook gedurende die jaar effens gedaal het.

Die toename gedurende 1959 in die totale geldelike omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid het met 'n relatiewe stabiele pryspeil gepaard gegaan en sodoende ook 'n toename in die fisiese omvang van bedrywigheid aangedui. So is daar byvoorbeeld gevind dat die reële bruto volksproduksie teen markpryse met ietwat meer as 2 persent gestyg het, vergeleke met 'n toename van minder as ½ persent in 1958.

Indien aandag nou geskenk word aan die inligting beskikbaar op 'n maandelikse basis, wil dit voorkom asof die algemene verslapping in besigheidstoestande gedurende die tweede helfte van 1958 tot in die eerste helfte van 1959 voortgeduur het, maar asof neigings tot ekonomiese uitbreiding teen die middel van die jaar op die voorgrond getree het. Vir die tweede helfte van die jaar dui die beskikbare inligting op 'n geleidelike maar bestliste herstel, alhoewel dit wil voorkom asof fabrieksbedrywigheid in hierdie opsig nog gesloer het.

Die verbetering in ekonomiese toestande in die Unie gedurende 1959 moet tot 'n groot mate in ver-

* Geoordeel volgens die beskikbare indekse van werkskaffing, het die waarde van fabrieksproduksie moontlik ook gedaal.

band gebring word met die aansienlike toename in uitvoere en in mynbedrywigheid. Die toename in uitvoere, tesame met die aansienlike styging in die goudproduksie, het ook 'n belangrike rol gespeel in die buitengewone verbetering wat in die land se netto saldo op lopende rekening met die buitewêreld ingetree het. Hierdie verbetering het ruimte gelaat vir aansienlike terugbetalings van buitelandse skuld, sowel as 'n aansienlike toename in die goud- en buitelandse valutareserwes.

Die gunstige betalingsbalans in 1959 het gepaard gegaan met 'n aansienlike toename in die likwiditeit van die banke en die private sektor, en dit het 'n sterk aanvraag geskep na bates waarin surplus fondse belê kan word. Bowendien is die plaaslike bankkoers vroeg in die jaar verlaag, sodat rentekoerse op die geldmark geneig het om te daal. Die netto daling in hierdie koerse was egter relatief klein oor die jaar

weens die sterilisasie van oorskotfondse deur die Regering, soos weerspieël in 'n aansienlike toename in laasgenoemde se netto saldo op lopende rekening by die Reserwebank.

In die lig van die verwickelinge hierbo beskryf, is die oorblywende aanvullende reserwevereistes vroeg in 1960 opgehef. Later het die Minister van Finansies in sy begrotingsrede 'n aantal belastingverminderinge en ander maatreëls aangekondig wat gemik is op 'n verdere stimulasie van binnelandse ekonomiese ontwikkeling deur die skepping van toestande wat gunstig is vir toenames in sowel private belegging as verbruik.

T. W. de Jongh,

Hoof: Departement Ekonomiese Navorsing en Statistiek.